

Hosea ? God volhard altyd in sy liefde



Inleiding]

Die profeet Hosea, tydgenoot van Jesaja, Jona, Miga en Amos, tree op in die agste eeu v.C. Dit was volgens vers 1 die tyd van die Judese konings Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, sowel as die koning van Israel, Jerobeam II (vgl. vroeëre tabel vir die onderskeie regeringstye). Sy boodskap is veral gemik teen die tienstamme noordryk van laasgenoemde koning, hoewel die suidryk ook betrek is in die boodskap. Hy was dus waarskynlik self van die noordryk afkomstig.

Hy voer die ?regsak? van die Here aan veral teen die afvalligheid van die volk in navolging van die geestelike en politieke leiers (5:1: ?Luister hierna, priesters; gee ag, huis van Israel; en koningshuis, gee aandag, want die oordeel is vir julle bedoel.?). Tóg verkondig hy ook die deernisvolle liefde van die Here wat herstel belowe as hulle hulle tot Hom sou bekeer, self al moet hy hulle straf vir hulle ontrouheid.

Deur die boek Hosea in die OT ordening van die twaalf boeke eerste te plaas, word die problematiese verhouding tussen God en Israel met die treffende metafoer van ?n huwelik beskrywe, ?n gepaste inleiding vir die geheelboodskap. Hosea vertel vir ons dus in die boek van God se volhardende liefde ten spyte van Israel se volgehoue ongehoorsaamheid, iets wat in die res van die profete geëggo sal word. Hosea se problematiese huwelik met Gomer illustreer dit as ?n treffende lewende gelykenis aan die volk.

Maleagi word daarom waarskynlik laaste van die twaalf Kleiner Profete geplaas, nie net omdat dit kronologies waarskynlik die laaste Skrifprofeet was nie, maar om dié boodskap af te rond deur die volk op te roep om nie net fisiese egskeiding te haat nie ? soos God dit inderdaad doen ? maar veral Hom nie te minag deur ?n verhouding van halfhartige gehoorsaamheid nie. Hulle moet God navol in sy lojale liefde.

Dié twee boeke gee dus ?n verbondsraamwerk vir die boodskap van die twaalf boeke, uitgespel in terme van die liefde wat hoort in die metaforiese huweliksverhouding tussen God en die volk. Die verdere boodskap van God se ingrype in die lewe van die volk en die nasies beide in terme van verwoesting en oordeel as in voorspoed en herstel, kan dus hierbinne deur die res van die boeke uitgespel word.

Die betekenis hiervan is dat God se oordeel en genade daarmee in sy liefde en binne verhoudings gefundeer word.

Indeling

Hoewel die fynere indeling van die onderskeie profesieë in die boek Hosea nie altyd maklik gedoen kan word nie, is die breë indeling van die boek heel duidelik:

Hoofstuk 1-3 vertel van die opdrag van die Here aan Hosea om ?n ontroue vrou, Gomer, te neem, en kinders by haar te hê. Sy bly

egter nie getrou aan hom nie. Dié onverkwiklike huweliksverhouding word dan deur die Here as metafoor gebruik om sy verhouding met die ontroue Israel (en Juda) te beskryf as basis vir die res van Hosea se boodskap.

Hoofstuk 4-11 bevat hoofsaaklik onheilsprofesieë waarin die ?regsaak? (4:1) wat die Here teen die volk het oor hulle ontrouheid aangevoer word. Hy kla hulle vir hulle afvalligheid aan en kondig daarmee ook sy strawwe vir hulle sonde aan. Tóg gee Hy ook ?n belofte van herstel gebaseer op sy deernisvolle liefde vir hulle (11:1-11).

Hoofstuk 12-14 herhaal dié onheilsprofesieë van ?n ?regsaak? (12:3) van die Here teen die volk sowel as die belofte van herstel van hulle afvalligheid as hulle hulle tot Hom sal bekeer (14:2-10).

Ons gaan dit as volg lees:

1:1-12 ? Hosea trou met die ontroue Gomer

2:1-3:5 ? God kla Israel aan, maar belowe tog weer ?n nuwe toekoms

4:1-5:7 ? Die Here het ?n regsaak teen die leiers en die volk

5:8-7:16 ? Julle getrouheid is soos ?n môrewolk, soos dou wat vroeg verdwyn

8:1-9:9 ? Die tyd van afrekening het gekom

9:10-10:15 ? Hulle sal swerwers wees onder die nasies

11:1-11 - My hart is diep ontroer in My, die deernis brand in My

12:1-15 ? Die Here het ?n regsaak teen sy volk

13:1-14:1 ? Daarom sal hulle word soos 'n môrewolk, soos dou wat vroeg verdwyn

14:2-10 ? Ek sal hulle afvalligheid genees, Ek sal hulle uit vrye wil liefhê